# SLOTWOORD

*Wanneer kommunikatiewe handelinge in die praktiese teologie bestudeer word, maar met 'n definitiewe en doelgerigte narratiewe perspektief, is die benadering veel meer inklusief en verwys dit na die totale ekosisteem waarbinne die kommunikasieprosesse verloop. Hierdie navorsing het aangetoon dat ons met 'n narratiewe benadering nader kom aan die sentrum van 'n ekosistemiese paradigma as wanneer ons slegs met 'n kommunikatiewe handelingsteorie werk. Gerkin (1986:59) praat van sy benadering as 'n* ***narratiewe hermeneutiese teorie****. Heitink (1993:175) lê juis klem op die wetenskaplike* ***interpretasie*** *in pastoraat. Firet (1974:126) praat van die* ***hermeneutiese moment*** *en verwys daarmee na die totale pastorale optrede. Die hermeneutiese aard van die teologie laat die menslike aktiwiteit 'n vertolkingsrol speel in die verbondsinteraksie tussen God en mens. Dit wil sê daar moet tot 'n verstaan kom van wat die Woord en Gees in 'n spesifieke situasie aan die kerk in die wêreld wil sê. Ek is daarvan oortuig dat as die pastorale optrede nie hermeneuties van aard is nie, ons hoegenaamd nie met pastorale teologie besig is nie. In die* ***kommunikatiewe handelingsteoretiese benadering*** *kom God tot die mens in sy eie unieke situasie. In die* ***narratiewe hermeneutiese benadering****, word God se kom na die mens (God se Verhaal), in die verhaal wat vertel word,* ***geïnterpreteer****, sodat* ***verstaan*** *'n ontologiese karaktertrek verkry. Sodoende word ons pastorale versorging beslis meer volledig. Ware verstaan met die oog op die soeke na sin kan alleen vanuit 'n* ***ekosistemiese perspektief*** *bevorder word. Die doel van pastoraat is die bevordering van 'n egte soeke na sin. Ons lewe het sin wanneer dit as deel van 'n breë betekenisgeheel gesien en ervaar word. In die* ***eko-hermeneutiese paradigma*** *val die klem op die verstaan van die geheel en die ontdek van die betekenis van die geheel-konsep binne verskeie kontekste (vgl. Müller, 1996:14) Pastoraat wat dus vanuit 'n eko-hermeneutiese paradigma gedoen word, mond uit in 'n pastoraat van betrokkenheid by die totale narratiewe werklikheid wat ter sprake is. Hierdie studie lewer bewys dat die weg tot* ***selfverstaan*** *deur die verhaal loop. In die narratief kom die bestaansvrae en die bestaansantwoorde vertellend na vore. Dit bring die pastor op wetenskaplike wyse by die kern van die pastorale gesprek. Dit maak pastoraat sinvol.*

*Sodoende word beantwoord aan die eise wat gestel word aan pastoraat dat gelowiges op eg pastorale wyse bedien en versorg moet word, in die Naam van die Here. Om die verhaal te vertel in 'n saakmakende gemeenskap, gee sin aan die lewe van die gelowige en bring die gewensde verandering met die oog op die verwerwing van Skrifverantwoorde lewensbestuursvaardighede, in diens van die koninkryk van God.*

> *"God, my lewensverhaal en my soeke na sin, behels ten slotte dieselfde tema, en hierdie feit word treffend geïllustreer deur György Konrád in sy boek, Het tuinfeest:*
>
> *Wat is er met mij gebeurd? Wat kan van mijn ondergrondse leven het daglicht velen? Ik zie mijn tastende levensloop. Als een traag dier sleept hij zich door het stof, bij elk kruispunt zoekt hij zijn weg. Heer, geef mij de genade van de oprectheid en versterk mijn geheugen. Mij levensopvatting is besloten in mijn daden, staat geschreven op mijn gelaat. Op die vraag wat de zin van zijn leven is, antwoord iedereen met een opsomming van zijn levensloop" (Müller, 1996:26).*

*Hierdie navorsing toon aan dat die lewensomstandighede van die mens vandag in kerk en samelewing, van hom of haar vereis om aan te pas en in te pas in die post moderne wêreld. Daarvoor is bepaalde lewensbestuursvaardighede en effektiewe probleemhanteringsgedrag nodig. Omdat die mens nie per se oor al die vaardighede beskik nie en sulke vaardighede ook nie altyd Skrifverantwoord is nie, tree talle lewensbestuursprobleme na vore wat deur pastoraat aangespreek word. Die gelowige het 'n bepaalde roeping in kerk en samelewing. Die Kerk het weer 'n roeping teenoor die gelowige lidmaat, nl. om herderlik versorg, bedien en begelei te word. Die gekompliseerde probleme wat vandag die verantwoorde lewensbestuur van die gelowige belemmer, moet deur die pastorale versorging van die kerk, direk aangespreek word. Hierdie verantwoordelikheid, dui op die geweldige uitdaging aan pastoraat vandag met die oog op die verwerwing van Skriftuurlik verantwoorde lewensbestuursvaardighede. Pastoraat en veral die pastorale gesprek moet in die praktiese teologie nader uitgewerk word en terapeuties benut word in die pastorale*

*versorging van die gelowige. Ons roeping is om sorg te dra vir die gemeente(lede) en ons pastorale werk kan onder leiding van die Heilige Gees, op grond van God se bemoeienis (ontmoeting) met die mens, steeds geslaag wees en in diens staan van die koninkryk. Ons moet egter vashou aan die uiters belangrike woorde van Jesus aan sy dissipels:* ***"Dit is die Gees wat iemand lewend maak; die mens self kan dit nie doen nie. Wat Ek vir julle gesê het, kom van die Gees en gee lewe" (Johannes 6:63).***

*As sleutelbegrip word aanvaar dat dit die betekenis is wat mense aan hulle lewens heg, en hoe hulle hierdie betekenisse in taal uitdruk, wat verandering fasiliteer. 'n Baie belangrike vertrekpunt is daarom dat die hele verhaal heelheid bring. Die empiriese probleemstelling is dat pastoraat die ontoereikende lewensbestuur van mense erken en aanvaar, maar dit nie op terapeutiese wyse voldoende vanuit 'n eko-hermeneutiese perspektief aanspreek nie. In 'n poging om die betekenis van die geheel-konsep te verstaan, moet 'n benadering, gebasseer op 'n eko-hermeneutiese paradigma gevolg word.*

*Effektiewe probleemoplossing en besluitneming kan 'n sisteem dus help om sy heelheid te onderhou. Die konklusie word gemaak dat 'n verhaal probleme van 'n intra-sistemiese en eksosistemiese aard, saambind tot 'n verstaanbare patroon. Om die geheel dus te verstaan, het 'n mens die geheel-verhaal nodig. Dìt beklemtoon die belang van die pastorale gesprek, want die pastorant moet verstaan wat sy of haar verhouding tot God kan doen om hulle negatiewe lewensbestuursvaardighede te verander. Pastorale teologie moet opnuut besef dat die Woord van God die krag tot verheldering het, waardeur tot verstaan kom, en die krag tot beïnvloeding, waardeur tot verandering kom.*

*Só word die pastorale versorgingstaak gedoen, in diens van die Here. Pastoraat het ten diepste te make met die versorging van lidmate se geloof met die oog op groei en volwassenheid; ja, die verwerwing van Skrifverantwoorde lewensbestuursvaardighede. Dit geskeid deur 'n pastorale gesprek waar die mens in sy konkrete bestaanswerklikheid op so 'n wyse ontmoet word, dat die Bybelse heilsboodskap vir*

*hom of haar, konkreet en aktueel word sodat die mens die lewensvernuwing in Christus deelagtig word. Pastoraat is gegrond op die ontferming van God oor die mens. 2 Korintiërs 1 vers 3 tot 5 sê: " Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy is die Vader wat Hom ontferm en die God wat in elke omstandigheid moed gee. In elke moeilikheid bemoedig Hy ons. Daarom kan ons ook ander bemoedig wat in allerlei moeilikhede verkeer. Ons kan hulle bemoedig met dieselfde bemoediging waarmee God ons bemoedig, want net soos daar vir ons 'n oorvloed van lyding is ter wille van Christus, is daar ook vir ons 'n oorvloed van bemoediging deur Christus." In sy neerbuigende liefde en ontferming, wil God die mens só in sy of haar konkrete lewenssituasie ontmoet, dat hy of sy voortaan anders gaan lewe. Pastoraat wil die mens só in sy lewenssituasie ontmoet en versorg, dat daar 'n verdieping en groei in geloof sal kom, 'n verandering sal plaasvind. Pastoraat slaag daarin dat die gelowige Skrifverantwoorde lewensbestuursvaardighede verwerf in diens van God se koninkryk.*